# Afdeling Geesteswetenskappe en Kuns

## Dr. Emile Clifford Coetzee



### BIOGRAFIESE PROFIEL

Dr. Emile Coetzee is op 24 Julie 1987 in Pretoria gebore. Hy was in Laerskool Voorpos en het as duxleerling aan die Hoërskool Staatspresident C.R. Swart in Pretoria gematrikuleer. Aan die Universiteit van Pretoria het hy ’n BA met geskiedenis en argeologie, BHCS-honneurs en ’n nagraadse diploma in museum- en erfenisbestuur verwerf. Sy MA in geskiedenis is aan die Noordwes-Universiteit (NWU) se Vanderbijlpark-kampus verwerf. Hy het as tutor vir die Universiteite van Pretoria en Johannesburg gedien, en het sy loopbaan as lektor by laasgenoemde begin. Op 2 April 2012 het hy ’n tydelike lektor by NWU Mafikeng geword, waar hy sedert 10 Januarie 2015 ’n permanente personeellid is en reeds vir sewe jaar as adjunkhoof van die geskiedenis-vakgroep dien. Hy het as ’n nasionale toeristegids gekwalifiseer en gehelp om die Road Trip SA-toepassing (vir Suid-Afrikaanse erfenis) te ontwikkel. In 2025 het hy ’n DPhil in sosiale wetenskappe met geskiedenis aan die NWU behaal. In Mei 2025 is hy aangestel as die voorsitter van die Suid-Afrikaanse Raad vir Heraldiek en as ’n lid van die Nasionale Erfenisraad.

---

### MOTIVERING VIR NOMINASIE

Dr. Coetzee het reeds as jong dosent beduidende leierskap getoon en staan aan die voorpunt van verskeie vakwetenskaplike verenigings. In hierdie hoedanighede kry hy die geleentheid om die gang van die vakgebied te beïnvloed – iets wat hy sonder skroom doen. In die proses help hy om geskiedenis en kultuurgeskiedenis relevant te hou. Hy beywer hom veral vir uitbreiding van die vakgebied onder alle mense en dra by tot die akademiese uitbouing daarvan.

Laasgenoemde kom gevolglik ook tot uitdrukking in sy akademiese loopbaan waar hy ’n leidende rol binne die vakgroep sosiale wetenskappe by die NWU speel. Hy deins nie terug vir enige uitdaging nie en verrig sy taak met selfvertroue en ywer. Sonder skroom pak hy die

kwessies aan wat die werksaamhede en uitbouing van die vakgebied verhinder en kom gereeld met goeie idees na vore om sake te verbeter.

As relatief jong dosent het hy reeds verskeie nagraadse studente met onderskeiding gelei en hy geniet aansien onder sy vakgenote. Hy tree ook gereeld op as eksterne eksaminator by verskeie ander universiteite.

Sy kennis, ywer, welsprekendheid en oop gemoed maak hom ’n ideale kandidaat om in ’n leiersposisie binne die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns te staan. Hy sal gewis ’n opbouende bydrae lewer tot die bevordering van Afrikaanse geesteswetenskappe.